FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN OUDERLINGE EN DIAKENS

Gemeente van die Here Jesus Christus

Roeping tot die amp
Van die begin af het die Here Jesus mense geroep om sy werk op aarde voort te sit. Hy sê vir sy dissipels: "*Soos die Vader my gestuur het, stuur Ek julle ook*" (Johannes 20:21).
Die ampte is deel van die gawes (*Charismata*) wat die Here deur sy Heilige Gees aan die kerk gee. Sy doel daarmee is om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en om die gemeente as liggaam van Christus op te bou (Efesiërs 4:12).

Vereistes vir die amp
Uit die Bybel is dit duidelik dat 'n ampsdraer bekend moet wees as iemand met 'n lewende geloof; iemand met 'n begeerte om vir die Here te werk; iemand wat bekwaam is om te leer en gewillig is om vir die amp toegerus te word. Verder moet 'n ampsdraer 'n hoë sedelike lewenspeil handhaaf en in alle opsigte betroubaar wees.

Die kerkraad het deur aankondiging twee maal aan u bekend gemaak wie verkies is tot hierdie ampte. Aangesien daar geen beswaar* teen sy/haar/hulle leer of lewenswandel ingebring is nie, aanvaar die kerkraad die goedkeuring van die gemeente en gaan ons nou voort om hom/haar/hulle te bevestig in hulle ampte.

Die volgende persone wat as ouderlinge en diakens verkies is, word nou versoek om na vore te kom.**

**Indien daar wel beswaar was wat na ondersoek ongegrond blyk te wees, moet die sin lees: Aangesien daar geen wettige beswaar ...*
***Hierdie oproep word telkens aangepas na gelang van omstandighede.*

Ouderlinge
Broer(s) / Suster(s), u dra in besondere sin die verantwoordelikheid vir die opbou en geestelike versorging van hierdie gemeente. U moet toesien dat alle gemeentelede hulle in belydenis en lewenswandel gedra soos lewende lidmate van die kerk van Jesus Christus.

Volgens die voorbeeld van Christus moet u u herderlike taak dienend uitvoer. Deur voorbidding, huisbesoek en siekebesoek moet u die lidmate bystaan, vertroos en in hulle geloof versterk en bemoedig.

U moet veral ook verantwoordelikheid neem vir die dooplidmate sodat hulle gelei en geleer word om die Here te ken en te dien.

Die onordelikes en die onverskilliges moet u in liefde vermaan. Teen dié wat in sonde volhard, moet u optree met die kerklike tug, sodat hulle tot bekering kan kom (Titus 1:7). 'n Ouderling is immers 'n bestuurder van die huishouding van God.

Gee ook ag op mekaar, en op die leer en lewe van die bedienaar van die Woord. Waak saam met die leraar(s) oor die erediens en sorg vir die instandhouding daarvan.

Werk met ywer en oorgawe mee aan die uitbreiding van die Koninkryk van God.

Diakens
Broer(s) / Suster(s), u is as diaken(s) geroep om in Christus se diens te staan. Hy is die groot Dienskneg wat mense roep om sy werk op aarde voort te sit.

Die diaken se diens begin by die nagmaal waar die gemeenskap met Christus en die medegelowiges gevier word. Daarvandaan word die liefde en barmhartigheid van God ook uitgedra na elke terrein van die gemeentelike lewe en na die samelewing.

As diaken(s) moet u vir die lidmate ’n voorbeeld van onselfsugtige diens wees. U moet die materiële en geestelike nood van mense fyn aanvoel en daadwerklik help. Verlig ook die omstandighede wat tot die nood aanleiding gee. Waar hulp verleen word, moet die Evangelie ook gebring word.

Inspireer die lidmate en rus hulle toe om mekaar se laste te dra. Versorg in die eerste plek die medegelowige, maar ook alle ander mense wat in nood verkeer.

Dit is ook u taak om te help met die insameling van die dankoffers. U is medeverantwoordelik daarvoor om die gawes wat gegee word, met wysheid asook in die regte gesindheid van Christelike liefde te bestee.

Bevestiging
Liewe Broer(s) / Suster(s), antwoord opreg op die volgende vrae, sodat elkeen kan hoor dat u bereid is om hierdie diens te aanvaar:

Ten eerste: Is u daarvan oortuig dat God self u deur sy gemeente tot hierdie besondere diens geroep het?

Ten tweede: Aanvaar u die Ou en Nuwe Testament as die enigste onfeilbare Woord van God en as die volkome leer van die verlossing, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?

Ten derde: Beloof u om u amp, soos dit aan u voorgehou is, volgens hierdie leer getrou te vervul?

Ten vierde: Beloof u om tot eer van God te lewe, en onderwerp u u aan die kerklike opsig en tug?

Antwoord
Elkeen sê afsonderlik hardop “Ja”.

Slotwoord
Wees getrou in u dienswerk. Wees goeie voorgangers vir die hele gemeente.

En gemeente, ontvang hierdie manne / vroue as gestuurdes van die Here en bid vir hulle. Werk met hulle saam, want die werk wat aan hulle opgedra is, bly steeds ook u taak.

Wees gewillig en blymoedig in die uitleef van u verantwoordelikhede. Stel uself beskikbaar om toegerus te word as profete, priesters en konings in diens van Christus.

Gebed
Here God, ons aanbid U in dankbaarheid. U is die Een wat u kerk deur al die eeue bewaar, versorg en laat groei. Ons dank U dat U ook nou weer manne/vroue afgesonder het om op ’n besondere wyse in u gemeente te dien.

Ons bid dat U hulle elke dag sal inspireer en sal toerus vir hulle taak. Help ons almal om u stem te hoor, gehoorsaam aan U te wees en dankbaar saam te werk aan die opbou van u gemeente.

Mag alles wees tot eer van u Naam. Amen.

Lied
Die gemeente se betrokkenheid kan uitgedruk word in die sing van ’n gepaste lied.